


SK: Drama

Kwartaal 2
Werkkaart 4
Volksverhale

Jy gaan nou 'n monoloog skryf.

Waaat?

Wat is 'n monoloog? Dit is, eenvoudig gestel, wanneer 'n karakter 'n langer deel van die teks op sy/haar eie sê. Verstaan? Fantasties! Leer nou nog 'n woord: "soliloquy".



'n "Soliloquy" (uitgespreek: "si-li-lo-kwie") is 'n monoloog waarin die karakter sy/haar gedagtes vir hom/haarself hardop uitspreek, selfs al is nie een van die ander karakters daar om dit te hoor nie.

In Disney-flieks word die "soliloquys" meestal gesing. Hulle sing hul gedagtes asof net hulle en die gehoor dit kan hoor. Byvoorbeeld: Elsa sing "Let it go" (Frozen).

Die karakter beskryf hul gevoelens en praat oor iets wat hulle beseft het.

Wat moet ek doen?

- ❖ Lees die storie weer.
- ❖ Visualiseer: Verbeel jou dat die storie soos 'n fliek in jou kop afspeel.
- ❖ Verbeel jou jy sien jou karakter in 'n situasie waar hulle dit wat met hulle gebeur moet oordink en wat hulle volgende gaan doen.
- ❖ **Probeer dink aan 'n keer toe jy dieselfde gevoel het. Miskien het jy vasgevang gevoel. Miskien het jy ook iemand jammer gekry. Miskien moes jy twee maats help om hul verskille uit te storeer.**
- ❖ Hoe het jy gevoel? Gemengde gevoelens?
- ❖ Hoe voel jou karakter?
- ❖ Wat is sy/haar gedagtes?

Byvoorbeeld: Nadat die leeu in die put geval het en probeer uitkom het, het hy/sy sekere emosies gehad. Wat het die apie gedink toe hy/sy die leeu jammer gekry het? Wat het die uil gedink toe hy/sy oor die affêre met die leeu en die apie gevlieg het?

- ✓ Jy mag 'n ander senario kies.
- ✓ "Vries" die oomblik in jou gedagtes.
- ✓ Gebruik jou eie idees en emosies.

Hoe skryf ek dit?

Dit gaan 'n proses wees. Jy kan later veranderinge maak soos wat jy dit oor en oor oefen, maar dit is belangrik dat jy 'n basis het om vanaf te werk. Jy gaan jou karakter se gedagtes en wat hulle wil hê die gehoor van hulle moet weet as daardie oomblik "gevries" is en hulle hul gedagtes moes spreek, neerskryf. Vul die volgende vorms in om jou gedagtes aan die gang te sit. Onthou die volgende:

- ✓ Jou karakter praat met hom/haarself, so jy moet voornaamwoorde soos "ek" en "my" gebruik.
- ✓ **Emosies** is belangrik.
- ✓ Skryf so **80-100** woorde.
- ✓ Gebruik die eienskappe uit jou tabel en jou karakterskets.

BESKRYF DIE TONEEL: WAAR IS JOU KARAKTER? /
Wat gebeur en hoe voel jou karakter??

Begin:

Middel:

Einde:

Onthou toe jy in 'n soortgelyke situasie was. Hoe het jy gevoel?

Begin jou monoloog met die senariowaarin jou karakter is. Ek sal jou help deur jou 'n idee vir elke voorbeeld wat ek genoem het, te gee. Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Leeu: "Whoa! My agterbene, eina! Ek het so hard geval ..."

Apie: "Sjoe, hy is regtig in die moeilikheid, maar ek weet darem nie. Daardie tande lyk vir my maar skerp en ek is nie no ulus om aandete te wees nie ..."

Uil: "Wat op dees aarde gaan daar onder aan? O gedorie! Wel, ek moet maar hierdie vlerke sprei en gaan inmeng. Daardie apie is sjarmant, maar hy gaan nie homself uit die honger leeu se greep kry nie. Ek moet maar help.

Wees kreatief en geniet dit!

